# F.J. DU TOIT SPIES: BESKEIE EN BEKWAME VAKMAN

**Fransjohan Pretorius**
*Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis*
*Universiteit van Pretoria*
*0002 Pretoria*

Met die dood van François Jacobus du Toit Spies in Johannesburg op 31 Mei 1998 het die Suid-Afrikaanse geskiedenisgemeenskap in die algemeen, en die Suid-Afrikaanse Historiese Genootskap in die besonder, 'n baie beskeie en uiters bekwame vakman verloor.

Oor Toit Spies kan mens baie skryf, ook omdat hy so min oor homself gesê het. Dit is hier egter nie die bedoeling om die waarderings en feitelike gegewens wat A.N. Pelzer[1] en F.A. van Jaarsveld[2] oor hom uitgespreek het, grootliks te herhaal nie. Wel kan enkele feite oor sy lewensloop weer opgediep word.

Hy is op 13 Februarie 1912 te Edenburg in die Oranje-Vrystaat gebore, het sy M.A.-graad in 1936 aan die Grey-Universiteitskollege verwerf met 'n verhandeling getiteld "Die ontwikkeling van spoorweë in die Oranje-Vrystaat tot 1893",[3] en sy D.Litt et Phil-graad in 1941 aan die Rijksuniversiteit van Leiden met 'n proefskrif getiteld "Hamelberg en die Oranje-Vrystaat" met die grootste naam in die Nederlandse geskiedskrywing, Johan Huizinga, as promotor. Huizinga se ingesteldheid op die kultuurgeskiedenis het by sy student aanklank gevind, en Toit Spies sou hom in sy akademiese loopbaan 'n sterk kampvegter vir die kultuurgeskiedenis betoon.

In Augustus 1946 is Spies as lektor in Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria aangestel. In die volgende jaar is hy tot senior lektor bevorder, in 1962 tot medeprofessor, en tussen 1 Julie 1970 en 31 Desember 1972 was hy professor en hoof van die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria. Daarna was hy vir vyf jaar Suid-Afrika se kulturele attaché in België.

Ná sy terugkeer na Suid-Afrika in 1946 het hy met Herma Joubert in die huwelik getree, wat met haar lewendige geaardheid hom pragtig aangevul het en mense na die egpaar laat aangetrokke voel het. Een dogter, Hermine, en drie seuns, Abraham, Izak en François, is uit die huwelik gebore. Herma het haar eggenoot in 1996 ontval.

Toit Spies het 'n gewaardeerde bydrae tot kulturele en akademies-kulturele organisasies gelewer. Hy was lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, lid van die Maatschappij der Nederlandse Letterkunde te Leiden, sekretaris van die Genootskap Nederland-Zuid-Afrika, bestuurslid van die Genootskap Oud-Pretoria en redakteur van hul blad, *Pretoriana*, redaksielid van die *Hertzog-Annale*, stigterslid van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika in 1956, redaksielid van *Historia*, en tussen 1970 en 1972 redakteur van *Historia*.

---

1. A.N. Pelzer, "Professor F.J. du Toit Spies", *Historia* 17(4), Desember 1972, pp. 218-221.
2. F.A. van Jaarsveld, *Afrikanergeskiedskrywing: Verlede, hede en toekoms* (Pretoria, 1992), pp. 77-90
3. Die titel is verkry uit C.F.J. Muller e.a. (reds.), *A select bibliography of South African history. A guide for historical research* (Unisa, Pretoria, 1966), p. 120.



**F.J. du Toit Spies**

Opvallend is die akademiese stewigheid van Spies se publikasies. Benewens twee puik empatieke biografieë oor die Nederlanders adv. H.A.L. Hamelberg en dr. H.P.N. Muller wat hulle vir die Afrikaner en meer spesifiek die Vrystaatse Afrikaner se saak beywer het, lewer Toit Spies werk oor die Groot Trek, oor Operasie Savannah in Angola in 1975-1976, en ook 'n geskiedenis van die NG-gemeente Pretoria-Oos. Ook is hy redakteur van verskeie bronnepublikasies — Hamelberg se dagboek, die briewe van H.P.N. Muller, en van G.A.A. Middelberg, en ten slotte die Hertzogtoesprake. Spies se ewewigtige, versigtige, nugtere en

objektiewe optekening van die verlede val gedurig op. Sy beskeidenheid en die feit dat die meeste van sy werk nie in die hoofstroom van die Suid-Afrikaanse geskiedenis val nie, het hom 'n minder bekende historikus gemaak — tot nadeel van diegene wat nie met sy werk vertroud is nie.

Maar wat uitstaan, is Spies se bydraes oor die Suid-Afrikaanse historiografie, waar hy, soos prof. F.A. van Jaarsveld in sy huldeblyk oor hom geskryf het, "'n aanvoeler en wegwyser na toekomstige ontwikkelinge" was. En hoewel Spies se beskeidenheid hom in 'n mate onbekend gemaak het, het hy Afrikaanse historici op die nuwe benadering van die Franse Annalesskool gewys.[4] Dit was 'n totaal onbekende veld vir die Afrikaanse historikus wat sy tradisionele geskiedskrywing in navolging van Leopold von Ranke gedoen het.

Sekerlik was 'n hoogtepunt in die akademiese loopbaan van Toit Spies toe hy in 1991 die erepenning vir Kultuurgeskiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang het. Dit was hierdie skrywer se voorreg om daardie *commendatio* op te stel en op die oorhandigingsplegtigheid voor te lees.

In sy sterfjaar sou Toit Spies se laaste boek verskyn — die private publikasie deur die familie van sy dagboeke wat hy gehou het tydens sy agt jaar-lange verblyf in Nederland, hoofsaaklik toe hy gedurende die Tweede Wêreldoorlog in Nederland vasgekeer was.

Enkele aanhalings daaruit sal die sensitiewe gees van die dagboekskrywer na vore bring:

26 September 1938 [d.w.s. bykans 'n jaar voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog]: "Daar vanuit die radio kom Hitler se opgewonde skreeustem. Hy is besig om 'n toespraak te hou wat miskien die wêreld in die grootste ellende van alle tye gaan dompel. Miskien ook nie — laat ons hoop. Miskien sal God dit afweer."

10 September 1939 [die Tweede Wêrledoorlog is 'n week oud]: "Gisteraand het ons klomp daar in Leiden kajuitraad gehou; wat sal ons doen, hier bly of teruggaan? Elkeen moet die keuse self doen. Wat sal ek doen?"

En dan volg die Duitse besetting van die neutrale Nederland op 10 Mei 1940. Drie dae later het Toit Spies se poging om uit Nederland te kom, misluk, en hy en medestudent Paul van Warmelo het teleurgesteld besef dat hulle alleen agtergelaat is. Daarop skryf hy op 16 Mei 1940: "En nou sal ons maar afwag. Mag God ons behoed en mag God julle daar in Suid-Afrika, aan wie ek altyd dink, troos en behoed."

18 Mei 1940: "Die Onsekere en die Duisternis. Net dit bly oor."

20 Mei 1940: "Ek het vandag weer begin werk [d.w.s. aan sy proefskrif] — probeer ten minste. Maar dit lyk na 'n arbeid sonder doel. En tog! Ek sal bly hoop. Eendag sal ek weer hier wegkom, maar dit sal een dag wees wanneer die wêreld moeg gestry is, en wanneer daar net ruïnes sal oorbly. Maar uit die ruïnes sal my hoop herlewe, sal ek probeer om hierdie lewe vorm te gee. Maar hoe lank nog?"

En dan is sy proefskrif eindelik gereed. Dit gaan oor adv. H.A.L. Hamelberg wat voor die Anglo-Boereoorlog die konsul-generaal van die OVS in Nederland was. In Nederland is die promosieplegtigheid vir doktorsgraadkandidate baie spesiaal en vol seremonie. Die kandidaat moet sy proefskrif in die teenwoordigheid van 'n uitgenooide gehoor voor 'n paneel van akademici verdedig. Toit Spies se promosieplegtigheid is vir 6 Junie 1941 geskeduleer — presies drie jaar voor die Geallieerdes se inval op die strande van Normandië. Maar vir Toit Spies was die vryheid nog ver. Op 6 Junie 1941 skryf hy:

---

4. "Leemtes in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing", *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 3, November 1971, pp. 82-92.

"Gister het ek nog geen verlof gehad om na Leiden te gaan nie, en dit was met 'n sieklike gevoel dat alles tog tevergeefs was. Wat sou gebeur as ek nie kan gaan nie? Gelukkig was die vergunning om ½ 10 [op 6 Junie] daar, en 'n siek gevoel het van my afgeval.

"Toe na Leiden. Dit was die dag van my promosie. Alles het vlot gegaan, alles pragtig. Om vieruur was ons in die sweetkamertjie [waar die student wag om sy proefskrif te verdedig] en het die oomblik afgewag."

Dan volg 'n troostelose verblyf in die deur Duitsland besette Nederland. Spies hou hom besig met navorsing, skryfwerk en die ordening van argivalia in Amsterdam oor Nederlands-Suid-Afrikaanse betrekkinge.

20 Julie 1941: "En intussen word ek oud, bereik ek die jare waarop mens reeds iets met jou lewe moes aangevang het. Hoe lank sal die stilstand nog duur?"

23 November 1941: "Die ure van verlange, dan sit ek en droom van daar anderkant [Suid-Afrika]. Probeer elke herinnering weer op te poets, laat weer die beelde voor my gesig kom — en die plekke waar ek toe geleef het, van my jeug af — die ou plaas, veral hy — sien elke klip en slootjie, elke perske- en bloekomboom daarop terug; en die mense daarop: Vader soos ek hom laas gesien het; ... moeder in haar daaglikse werksaamhede en sorge. Suster, Bettie, Boet, Apie. Hoe dikwels het ons nie saam oor die plaas gedwaal nie? Annas [sy jonger broer] hoe het jy nie intussen opgegroei en verander nie? Jy sal die meeste verander wees. Sal die vertroulikheid tussen ons hervind wees?"

En dan, 21 Maart 1943: "Vandag doen die lente sy intree ... Ver oor die heide geloop na die enigste troppie skaap hier in die omgewing, 45 ooie en 26 lammertjies...[die plaasseun van Edenburg het hulle getel, soos dit hoort]. Dit wek pynlike herinneringe om weer die skaapgeblêr in die ruimte te hoor; om weer 'n lammetjie aan die agterbeen te vang en in die arms te hou."

Vir diegene wat Toit Spies geken het, is sy dood 'n ontsaglike verlies. Uit sy werke en uit sy rustige geaardheid put hulle egter inspirasie om hulle werk voort te sit op 'n wyse wat die goedkeurende blik van Toit Spies sou ontvang.

Sy kinders kan verseker wees van die innigste meegevoel van die lede van die S.A. Historiese Genootskap en die redaksie van *Historia*.